Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

*In die liberaal-demokratiese staat is die eerste doel van regshandhawing die beskerming van die individu se regte en belange.*




*Die volkstaat verwerp die materialistiese grondslag en handhaaf die volksreg ter instandhouding van die volksgemeenskap.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 12 JANUARIE 1944. No. 8.

# 'n Afrikaner Verkies om sy Broer se Wagter te Wees

**Dis nie die beleid van Die O.B. om briewe te publiseer nie. Ons het egter gevoel dat 'n uitsondering gemaak moet word in die geval van onderstaande brief. Dit is geskryf deur 'n Afrikaner wat homself met 'n karakteristieke knipoog „Dom Boer'' noem. Oor die „domheid'' al dan nie van hierdie besondere Boer moet ons lesers maar self oordeel.**

**Ons vriend skryf as volg:**

Laat ek maar dadelik begin deur my politieke tuistes bekend te maak. In hierdie land van ons luister mense mos nie na redelike redenasies nie; mens word mos vooraf veroordeel of omhels deur jou politieke vyande of vriende al na gelang van die party waaraan jy behoort. Dit maak mos nie saak of jy twak verkoop of wysheid verkondig nie — jy het, vóór jy begin, alreeds twee bendes: een wat skree „Kruisig hom!'' en die ander „Hosanna!''

Wel, Mnr. die Redakteur, ek was altyd 'n ou Nasionalis. En as ek dit sê dan bedoel ek dat ek 'n aktiewe (en ek gee nie om om dit te sê nie, ook **baie** aktiewe) lid was van die ou Hertzog-Nasionale Party. Of ek my nou moet skaam daaroor of nie, ek wil prontuit erken dat ek sedert 1933 **niks** was nie. As ek iets was, dan was ek 'n Myself-man. Ek het van die standpunt uitgegaan dat die tyd eindelik aangebreek het dat ek vir myself moet sorg. Of ek daarin geslaag het of nie, gaan ek nie verklap nie!

Nou weet u wat my politiek is. Ek glo nie ek het politieke vriende of vyande nie, want ek sê nog, soos Dr. Van Rensburg later ná my gesê het, „almal wat nie téén my is nie, is vír my''.

Ek wil darem nie sê, Mnr. die Redakteur, dat ek in al die jare g'n belang gestel het in die politiek nie. Ek was dom genoeg om my belangstelling in die Afrikaner se nasionale sport te behou. Ek het altyd my eie gedagtes gehad oor die Smeltersparty, sowel as oor die gesuiwerde Nasionale Party, maar ek het dit mos in my eie belang wenslik geag om te swyg. Toe Hereniging gekom het, ná die oorlogsverklaring in '39, het ek dit toegejuig. Want u sal teen hierdie tyd al agtergekom het, Mnr. die Redakteur, dat al is ek nie dit of nie dat nie, ek is tog 'n Afrikaner. Ek het net so lekker soos enige ander Afrikaner Boerekoffie en geroosterde ribbetjies geëet op die braaivleisaande van die Ossewabrandwag. Waarom nie? Ek het mos saam met my volk „ontwaak'' in die „Wonderjaar'' van 1938.

En toe, Mnr. die Redakteur, het die skeuring mos gekom. Ek het weer op my reserwe-beleid teruggeval. Ek was weer 'n Myself-man, en het maar na die beste van my vermoë my eie voordeel nagejaag. Ek het darem nie my belangstelling in die politiek verloor nie. Ek het as toeskouer die vergaderings sowel van die Herenigde Party as van die Ossewabrandwag bygewoon. Hoewel ek niks gesê het nie, het ek tog my mening oor die meriete van die onderskeie standpunte daarop nagehou.

Moenie skrik nie, Mnr. die Redakteur, en moet my ook nie as verwaand bestempel nie. Maar ek het nou uiteindelik besluit om my stilswye te verbreek en my rol van toeskouer te verruil vir dié van deelnemer. Ek doen dit omdat ek oortuig voel dat, al was dit nog dusvér vir **my** moontlik om die bestaanstryd alleen met sukses te voer — soos die wêreld vandag lyk en môre sal lyk, sal my kinders nie meer hul stryd vir brood en botter alleen kan voer nie.

Op hierdie punt stem ek saam met die Ossewabrandwag, dat die tyd vir alleenstaan verby is en dat die tyd vir **saamstaan** aangebreek het. As

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.

drosdy die rypste tabak bekend.




# Leierskap by die Afrikaners

## Alleen Manne van die Daad is Werklike Volksleiers

(Deur Prof. Dr. J. A. Wiid.)

**Dit is algemeen bekend dat elke volk sy leier of leiers het en dat dit met 'n volk goed gaan as die staatkundige leiding goed is en dat dit met 'n volk sleg gaan as hierdie leiding swak is. Die wêreldgeskiedenis, die Ou Testament en ons eie vaderlandse geskiedenis lewer meer as genoeg bewyse om hierdie bekende stelling te staaf.**

By die Afrikaners het politieke leierskap 'n heeltemal verskillende ontwikkeling gehad as in die ou Europa met al sy stande- en klasse-verdelings. By die Afrikaners was daar geen bevoorregte klasse soos 'n aristokrasie en 'n plutokrasie waar leiers gekweek kon word nie. Wat meer is, die Afrikaners was 'n koloniale volk, eers onder die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie en later onder die Britte, en hierdie koloniale onderhorigheid het die ontstaan en ontwikkeling van 'n inheemse Afrikanerleierskorps byna onmoontlik gemaak. Die hoogste regeringsposte was nou eenmaal nie vir die Afrikaner bedoel nie, en waar enkele Afrikaners tog daarin geslaag het om verantwoordelike poste te beklee, daar het hulle gehandel volgens die voorskrif: wiens brood ik eet, diens woord ik spreek. Geen wonder dat daar voor die ontstaan van die Boere-republieke in die Noorde 'n diep kloof tussen regeerders en regeerdes in Suid-Afrika bestaan het nie.

Selfs die Kerk, wat so 'n geweldige houvas op die Afrikaner het, met sy predikante wat maklik die hoogste woord in hulle gemeentes kan voer, het nie daarin geslaag om 'n Richelieu, 'n Kuyper of ook maar 'n aartsbiskop van Kantelberg vir die Afrikaner se staatkunde te lewer nie. Die oorsake van hierdie eienaardige verskynsel lê voor die hand: Gedurende byna twee eeue was die Hollandse Kerk in Suid-Afrika erg onderhorig aan die staat. Die gevolg was dat die predikante ook maar gehandel het volgens die voorskrif van „wiens brood ik eet, diens woord ik spreek''. Die ingevoerde Skotse predikante het beslis ook daartoe bygedra, veral tydens die Groot Trek, dat die Kerk as sulks geen volksleiers in daardie krisis gelewer het nie. Die latere partypolitiek met sy verdeelde gemeentes het waarskynlik ook daartoe bygedra om predikante sku vir die politiek te maak. Vandaar dat ons Kerk voortreflike volksmanne soos 'n Kestell maar geen uitstaande staatkundige leiers gelewer het nie. Die eks-predikant Thomas Burgers wat 'n treurige mislukking van die Transvaalse presidentskap gemaak het en die geniale S. J. du Toit wat met Paul Kruger begin het maar met Cecil Rhodes geëindig het, om slegs twee voorbeelde te noem, kan moeilik as suksesvolle staatkundige leiers beskryf word.

### Krisis-Leiers

Hoewel die Afrikanerdom, soos ander volke, nie oor 'n aristokrasie of plutokrasie beskik het waaruit 'n leierskorps opgebou kon word nie, en hoewel ons Kerk, ondanks sy groot nasionale verdienstes, nooit daarin geslaag het om uitstaande staatkundige leiers te lewer nie, het dit ons nogtans in die uur van krisis nooit aan geskikte leiers ontbreek nie. **Die aard en lewenswyse van die Boerenasie het die kweek van leiers aangemoedig en ons moeilikheid was nie dat daar by die een of ander krisis te min leiers was nie, maar dat daar te veel was. Opmerklik ook is dit dat by dergelike krisisse dit nie die mooiweer-leiers is nie maar krisisleiers wat leiding gee.** In die eerste groot krisis van die Afri-

(Vervolg op bls. 4, kol. 4)

# Vryheidsdag Nader. . . .

## Oproep tot Voorbereiding

VRYHEIDSDAG word vanjaar weer dwarsdeur die land op 26 Februarie deur die Ossewabrandwag herdenk.

- Kommando-eenhede sal op dié dag by wyse van sentrale of kleiner plaaslike feeste, na gelang van omstandighede, Amajubadag soos in die verlede plegtig herdenk, hierdie keer weens die ernstige omstandighede waarin ons volk en vaderland verkeer, nog plegtiger as ooit tevore.
- Die volk wil en moet hom weereens in gelofte verenig om sy stryd om voortbestaan en vrywording met groter erns en vasberadenheid voort te sit.
- Amajubadag is ook die dag waarop elkeen sy offergawe bring vir die Noodhulpfonds waaruit die honderde slagoffers van die jingobeleid ondersteuning ontvang. In verband hiermee moet onmiddellik 'n begin gemaak word deur die verantwoordelike offisiere, veral deur die volksorg-vertakking, die vroue-offisiere.
- So moet alle kommando's onder leiding van hul offisiere hulle reeds voorberei vir die doeltreffende organisering van die plegtigheid. Generaals en hul hoofkommandante moet betyds in oorleg met die kommando-eenhede bepaal waar sentrale byeenkomste van meer as een kommando, kommando's apart, of veldkornetskappe byeen sal kom.
- Weens die vervoermoeilikhede sal die feestelikhede hierdie keer waarskynlik meer die vorm van plaaslike byeenkomste aanneem, maar elke kommandant sal sy kommando deur middel van sy veldkornette moet oproep om op die maklikste bereikbare plek te vergader. Die pligte verbonde aan die viering sal weer dieselfde wees soos verlede jaar, behalwe dat onderoffisiere hulle in besonder sal moet toelê op die organisering van vervoer van brandwagte na die byeenkomste.
- Die program van die Vryheidsfees sal hoofsaaklik dieselfde wees soos dié van verlede jaar en sal eersdaags in Die O.B. gepubliseer word.

Waarde vir geld



SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 6 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/– | 5/– | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/– | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/– | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/– |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/– | 5/– |
| Spesiale Sjerrie | 1/– | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 38/– |
| Ekstra Spesiaal | 7/– | 6/3 | 34/– |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/– | 33/– |
| LIKEUR-BRANDEWYN: | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| JENEVER LIKEURS: | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |
| Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

DIE O.B., WOENSDAG, 12 JAN. 1944

# Arbeid: Die Spil Waarom Alles Draai

Die mees rewolusionêre gedagte wat die Rewolusie van die Twintigste Eeu inhou, is die gedagte dat Arbeid kapitaal moet vervang as waardemiddel. Nie langer moet 'n volk se rykdom gemeet word in terme van sy kapitaliste se kapitaalbesit nie, of in terme van die goudstawe wat vrekkerig weggebêre lê in die muwwe kelders van die groot bankiershuise nie. Nee, 'n volk se rykdom moet gemeet word in terme van die arbeid waaroor hy beskik.

Kapitaal, of dit nou goudstawe is en of dit nou kreukelende papiernote is, is altyd in die besit van 'n klein groepie rykaards of bankiers, van 'n klas of selfs van 'n ras. As dit die geval is — en dit is vandag waaragtigwaar die geval in ons eie „ryk" land — is die volk outomaties ontroof van alle rykdom en word hy die slawe van 'n kapitalisteklas.

Hierdie toestand van sake word genoem die hoog-kapitalisme, en die geldbase wat nie spin nie en ook nie weef nie en tog leef op die vettigheid van die land word genoem die kapitalistiese uitbuiters. Die stelsel wat al hierdie dinge moontlik maak heet kapitalisme.

Die Ossewabrandwag, wat die masjien is wat die Rewolusie van die Twintigste Eeu in Suid-Afrika in beweging gesit het, glo onherroepelik aan die gedagte dat Arbeid die bron van 'n volk se rykdom is. Arbeid is die onvervreembare rykdom van 'n volk. As arbeid eenmaal aanvaar is as die bron van 'n volk se voorspoed, kan geen uitbuiters of ras van uitbuiters hierdie voorspoed van hom wegneem nie. Trouens, die volk beskik self oor die omvang van sy rykdom. 'n Lui en 'n dom volk sal 'n arm en 'n slawevolk eindig; maar 'n ywerige en 'n vernuftige volk sal welvaart en internasionale prestige verower.

As hierdie verandering eenmaal tot stand gebring is, as arbeid instede van kapitaal die bron van nasionale welvaart word, dan is die kapitalistiese probleem van werkloosheid en armoede geheel-en-al opgelos.

Vandag in ons kapitalistiese samelewing is geld die spil waarom alles draai. Geld skep arbeidsgeleenthede of skep dit nie. Geld koop die arbeider en sy arbeid soos hy negosie-artikels koop, bepaal die vergoeding vir arbeid, beheer die arbeider en sy arbeid geheel-en-al. Die geldbase hou die arbeider wat tevergeefs worstel om los te kom, in die holte van sy hand.

In die nasionaal-sosiale gesagstaat wat die Ossewabrandwag nastreef sal dit net andersom wees. Daar sal arbeid — die arbeid van die hele volk, met die hand en met die brein — die spil wees waarom alles draai. Die omvang van arbeid en die produksie-vermoë daarvan sal uitgedruk word in terme van kapitaal, en die arbeid wat verrig word sal gevolglik die hoeveelheid geld in sirkulasie bepaal. Hoe meer arbeid hoe meer geld. Hoe groter die arbeidspotensiaal van 'n volk, hoe ryker is daardie volk. En 'n volk wat ryk is as gevolg van die arbeid van sy lede kan vanselfsprekend geen armlastiges hê nie.

Vandag onder die huidige bedeling staan die volk in die diens van die kapitaal. In die Republiek wat die Ossewabrandwag sal stig sal kapitaal in diens staan van die arbeidende volk.

Voorwaar die mees rewolusionêre gedagte van die Rewolusie van die Twintigste Eeu is dat Arbeid kapitaal moet vervang as waardemiddel. En hierdie gedagte neem gestalte aan en word prakties verwesenlik in die O.B.-Arbeidslaer.

# Wat is die Betekenis van die Massale Terugtog?

## Verskil tussen 1918 en 1943

NOG NOOIT. Rusland het nog nooit 'n oorlog in Europa gewen nie. Al kan hy ook die vyand op eie grondgebied stuit, anderkant die grense van Pole behaal hy nie sukses nie. So het Rusland die Pole na Wêreldoorlog I oor sy grense gejaag, om egter voor Warschau 'n beslissende nederlaag te gaan

Miskien word hierdie reël van die geskiedenis in 1944 getoets . . . .

BRITS-JOODSE PROPAGANDA. Aan bogenoemde gedagte het voorbarige Geallieerde berigte 'n mens reeds vroeg verlede week herinner. Die Russe sou al oor die grens van Pole gewees het. Dan sou hulle weereens in Europa moet veg . . . . Dan dink mens ook weer aan die geweldige krag van die Brits-Joodse propaganda, wat in sulke wye kringe in die Angel-Saksiese lande die vaste indruk geskep het dat die oorlog sonder enige twyfel reeds 'n beslissende wending téén die leidende moondheid van Europa geneem het.

WAAROM ? Maar as die Duitse landmagte dan besig is om te verkrummel voor die aanslae van die „Russiese kolos" aan die Oosfront, dan vra mens onwillekeurig —

● Waarom is Stalin nog gesteld op die opening van 'n tweede front in die weste? Sou hy Berlyn nie liewer alleen wil bereik nie?

● Waarom is die Angel-Sakse so traag om die tweede front te begin, as die Duitse oorlogsmasjien in die ooste reeds verpletter word?

● Waarom vorder die magtige konsentrasie van Angel-Saksiese leërs in Italië so pynlik stadig, as die Duitse hoofmag reeds volkome verslaan word in Rusland?

DEFENSIEWE OORLOGSVOERING. „Die defensiewe vorm van oorlogsvoering is op sigself sterker as die offensiewe", het Clausewitz, die grootste Duitse militêre filosoof van die vorige eeu, verklaar. Geallieerde propaganda wy skynbaar nie ernstige aandag aan die vraag of Duitsland in 1943 die inisiatief bly behou het in dié sin dat hy tot die verdediging oorgegaan het toe die aangewese tydstip aangebreek het nie. Nadat hy ná die eerste drie jaar volledige hegemonie van die „vesting Europa" kon oorneem, en nadat Hitler self aan sy volk verklaar het dat hulle as gevolg hiervan die defensiewe stadium bereik het. Maar die Duitse leërleiding het in die huidige oorlog opnuut weer tot so 'n mate bewys hoe goed hy is, dat mens daar nie vir 'n oomblik aan kan twyfel of genoegsame verdedigingslinies opgerig is om die leërs in staat te stel om op die strategies-aangewese punte te bly staan nie. Intussen bereik die Duitse magte op die oomblik 'n punt wat die lyn tussen die Swartsee en die Baltiese relatief baie kort maak, en Duitsland in staat stel om 'n gekonsentreerde eenheid te vorm teen aanvalle van watter kant ookal. Aan die ander kant word die eenheid van die Russiese leërs in hul aanvalle tot 'n groot mate gebreek deur die moerasagtigheid van die gebied waar hulle nou moet opereer, en kry hulle op hul beurt te doen met die verbindingsmoeilikhede wat Noord-Afrika so mooi geïllustreer het.

DUITSE OORLOGSMASJIEN ? Niks bewys tot dusvér dat die Duitse militêre masjien in die minste begin wankel nie. Nie Italië nie, waar Hitler 'n ernstige krisis met durf en krag kon beheer en nou met sy pinkie die hele Angel-Saksiese mag trotseer. Ook nie Rusland nie, waar die Duitsers met 'n massale terugtog 'n totaal verwoeste gebied agterlaat as slagveld van wat in die laaste instansie 'n uitputtingsoorlog is. Meer as dit: teenmaatreëls en nuwe offensiewe wat die Duitse leiers reeds in die vooruitsig stel, kan onmoontlik somaar leë praatjies en beloftes wees. Duitsland is nie 'n demokraties-parlementêre staat waar openbare onverantwoordelikheid aan die orde van die dag is en vandag se beloftes môre vergeet is nie.

NOU EN 1918. In 1918 het die Duitse magte onverslaan gestaan toe die moraal van die leërleiding en van 'n geteisterde en ondermynde volk geswig het voor die mooi beloftes van Woodrow Wilson. En vandag? Skynbaar word die vasberadenheid van die Duitse magte en leiding geëwenaar deur die onverbiddelike gees van die volk wat weet dat hy veg òf om te oorwin òf om vernietig te word. Dat laasgenoemde die enigste alternatief vir oorwinning is, verneem hy vandag uit die mond van die Geallieerdes self. Hierdie keer is daar selfs geen vrome Wilsonades nie.

● Die leiers van die Duitse volk is vandag dié manne wat reeds sedert 1918 veg om die foute van 1918 uit te wis. „Hierin", het Hitler so pas verklaar, „is ons baie verskillend van die treurige en lafhartige Duitse leiers van die vorige oorlog."

Die Europese somer van 1944 beloof om heelwat lig te bring op beslissende aspekte van die oorlog; waarskynlik ook verrassings vir hulle wat graag dink dat die laaste en beslissende „wending" reeds in 1943 ingetree het.

TABBERDS!
GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

VIR JUKSKEIE
en Kombuisbenodighede
P. J. KOCK
Carolinestraat 146 — BRIXTON
Foon 35-3882 — JOHANNESBURG

W. VOIGT (Eiens.) Pyk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

*Die Boerejeug*

## ONS EIE KALENDER VIR 1945.

Die Jeugleier kondig aan:—

In aansluiting by ons Verjaardagketting in Die O.B., het ons die volgende opdrag aan Boerejeuglede:

Gedurende 1944 gaan die Boerejeug help om ons eie skeurkalender vir 1945 saam te stel. Elke lid van die Boerejeug stuur sy (haar) naam en geboortedatum (dag, maand en jaar). Daarmee saam stuur hy (sy) dan 'n kort beskrywing (nie meer as 200 woorde nie) van 'n gebeurtenis van belang wat op of omstreeks sy (haar) verjaardagdatum (dag en maand) plaasgevind het. Vir elke datum van die jaar sal die beste stukkie gekies word om agter op die blaadjie van die dag gedruk te word. Voorop kom die dag en datum en die name van die Boerejeuglede wat op dié dag verjaar.

Gaan snuffel in julle geskiedenisboeke en raadpleeg julle ouers en onderwysers! Daar het tog seker al op elke dag van die jaar iets voorgeval wat vir ons volk van belang was.

So is daar geboorte- en sterfdae van groot Afrikaners: manne, vroue of kinders; daar is datums van oorlogsen vredesverklarings. Ander datums is weer van betekenis vir een of ander van ons kerke of onderwysinrigtinge. Ook ons volksbeweging, die O.B., het sy belangrike datums. So kan elke verjaardag sy aanknopingspunt in ons volksverlede vind en kan die Boerejeug 'n eie geskiedenis van ons volk saamstel wat in 1945 oor die lengte en breedte van ons land versprei gaan word.

Begin dadelik!

Insendings moet gerig word aan:

Prof. D. J. van ROOY,
Von Wiellighstr. 40,
Potchefstroom.

## 'N AFRIKANER VERKIES OM SY BROER SE WAGTER TE WEES

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

daar ooit 'n leuse was wat die nood en die behoefte van ons tyd pittig oplos, dan is dit die leuse van die O.B., nl. „een vir almal en almal vir elkeen".

Mnr. die Redakteur, u moet my nie kwalik neem as ek sê dat daar baie Ossewabrandwagte is, somaar soms hoë offisiere ook, wat dinge doen en sê wat my nie aanstaan nie. Maar ek is liberaal genoeg (ek weet nie of u van hierdie woord hou nie!) om daarvan nie notisie te neem nie. Ek is geïnteresseerd in die **beleid** van die O.B., of, as ek nou in u taal moet praat—ek glo dat die O.B. in die regte rigting „beweeg". Daarom hou ek van hierdie „Beweging".

U sal sien dat ek saamstem met die O.B. se gedagte, en ek kan u die versekering gee, as u dit nog nie weet nie, dat daar somaar baie Afrikaners is, buite die O.B., wat met hierdie gedagte saamstem. En dis ook daarom dat ek hierdie brief skrywe. Ek wil net sê, Mnr. die Redakteur, julle het 'n wen-gedagte. Hou daardie gedagte! Julle kan nooit verloor nie, want die gedagte sal wen.

Mnr. die Redakteur, iets daarbinne sê vir my dat ek nie heeltemal eerlik is nie. Elke mens wil graag aan die wenkant staan. Ek ook. Ek weet nou nie of dít die rede is waarom ek die kant van die Ossewabrandwag gekies het nie, maar ek verkies om te glo dat ek die kant van die O.B. kies omdat iets of iemand, miskien my kinders, daardie vonkie van goed wat in 'n mens is, in my aangeblaas het, sodat ek ernstig onder die indruk gekom het van my pligte teenoor my medemens.

Nouja, Mnr. die Redakteur, ek het dit nou van my hart af. Wat ek wou sê het ek gesê. Onthou, ons twee is nou één van politiek, of miskien sou u sê, in u taal, ons twee is nou „mekaar se wagters". Ek weet nie of ek ooit weer aan u sal skrywe nie, Mnr. die Redakteur, — dit moet die tyd my leer. Maar in ieder geval, as u iets van hierdie ontboeseming van my in u blad plaas, wees dan versekerd van my opregte, ek sal maar sê: Ossewabrandwag-dank!

# *Die Grondslag van Dissipline: Organiese Bewussyn*

**Die eerste taak van die O.B.-offisier vandag is om organiese dissipline in die beweging te bevorder deur self tot volle krags- en pligsbesef en samehorigheidsbewussyn te ontwikkel, en om alles en almal wat die ontwikkeling van hierdie bewussyn belemmer, uit die beweging te weer.**

### GRONDGEDAGTES UIT 'N VOORLESING VAN PROF. W. P. DE VILLIERS AAN HOëR OFFISIERE, PRETORIA.

Dissipline is nie 'n doel in sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel, nl. die vorming nie van outomatiese masjiene nie, maar van selfstandig denkende, oordelende en handelende mense.

Want die mens is nie 'n masjien nie, maar 'n organisme, 'n lewende wese, deur God geskep en toegerus vir 'n bepaalde taak en funksie.

Soos in die mens, so sien ons ook in die nasie 'n Goddelike skepping, 'n organisme met eie opdrag en eie kragte.

In hierdie organiese staat is die leër die orgaan vir die verdediging van die lewe en vryheid van die nasie, en moet die band tussen volk en leër dus so nou as moontlik getrek word; terwyl die leër in 'n meganistiese staat gebruik sou kan word vir die stigting van 'n diktatuur en die onderdrukking van die volk.

In die organiese leër is die strewe om selfstandig denkende, oordelende en handelende mens te ontwikkel, en word individualiteit en inisiatief dus so sterk as moontlik beklemtoon. In die organiese leër heers die dissipline van EK WIL; in die meganistiese leër dié van JY MOET.

In die organiese leër geniet die organies bewuste, gedissiplineerde mens die vryheid dat hy nie tot pligsvervulling gedwing kan word nie, omdat hy sy plig **wil** vervul.

Die funksie van die offisier in die organiese leër is dan die samevatting, rangskikking en mobilisasie van al die beskikbare kragte.

Om sonder dwang dus blitsvinnige gehoorsaamheid te verseker, word baie hoë eise aan die leier en offisier gestel. Hy moet die volkswil só verpersoonlik dat hy dit kan verwerklik selfs al moet dit ten spyte van die volkswillekeur geskied. So vasgewortel moet hy wees in sy volk, dat die volgeling in elke bevel van die leier „die stem van sy eie gewete" hoor.

Die offisier moet dus ook in staat wees om sy ondergeskiktes te kan oortuig dat hy vervul is met dieselfde wil tot vryheid en lewe, dat hy bewus is van sy samehorigheid met die groter geheel, met die organisme waarvan hy elke onderhorige 'n lid beskou, dat hy deur talent, opleiding en ervaring in staat is om die pligte van offisier te vervul.

Die gehoorsaamheidsverhouding berus dan op vertroue van die ondergeskikte in sy offisier, en wie dus enigiets doen of toelaat waardeur hierdie vertroue belemmer word, is skuldig aan **die ondermyning van dissipline**. Om dieselfde rede is dit die plig van die leier om toe te sien dat die ondergeskiktes onder die bevel geplaas word van 'n offisier in wie hulle vertroue het, en om 'n offisier wat dit nie geniet nie, te verwyder.

Kritiek is organiese plig. Waar iemand bevele outomaties, blindelings uitvoer, daar bied hy geen hulp aan die verantwoordelike offisier nie. Aan die ander kant: kritiek moet alleen gerig word aan die verantwoordelike offisier, (of, indien nodig, aan die offisier bo hom in rang), en nie aan gelykes nie, anders word die dissipline weer ondermyn.

Die organiese leër is nie alleen 'n orgaan vir die verdediging van vryheid en lewe nie, maar ook 'n skool vir die vorming van die volkskarakter. Veral by ons het die vreemde, meganistiese stelsel die bewussyn van verantwoordelikheid, krag en roeping in die volk geweldig ondermyn.

In die Engelse Goudoorlog was daar sommige van ons kommandos waarin elke man generaal wou speel. By daardie mense het ons 'n meganistiese individualisme aangetref, 'n verswakking van die samehorigheidsbewussyn. Hulle het **die reg van eie oordeel** beklemtoon as 'n middel tot die ontduiking van die nasionale plig. Ons lê nadruk op **die plig tot eie oordeel** as middel tot samewerking vir die vervulling van die nasionale plig.

## *VERJAARDAGKETTING*

**10 Jan.:** Petrus Ellis, George; Helene Geldenhuys, Parow; Marguerite v. Aardt, Somerset-Oos; Barend P. J. Nortje, Roelofskamp.

**11 Jan.:** Erica Klue, George; Yvonne L. Nel, Beaufort-Wes; Elizabeth du Toit, Upington; Ena Koen Dabatte, Mosselbaai; Dawid Mostert, Paarl; Marie Olivier, Bellville.

**12 Jan.:** Lukas Theron, George; Pieter S. Swanepoel, Beaufort-Wes; Johanna Smith, Malmesbury; Nellie Lombard, Bedford; Hennie Jordaan, Paarl; Arthur Petersen, Tiervlei; Carl W. du Plessis, Maitland.

**13 Jan.:** Erin Lombard, Malmesbury; Robertina McLaren, Kirkwood; Josephine Vivier, Beaufort-Wes; Isla M. S. Schreve, Uniondale.

**14 Jan.:** Rensie Pienaar, George; Annalie Malan, Hugenoot; Petronella Boshoff, Wilgenhoutsdrift; Philippus R. Janse v. Rensburg, Clocolan.

**15 Jan.:** Ella E. Wessels, Merweville; Coenrad J.N. Solms, Merweville; Muriel de Villiers, P.K. Brandwag.

**16 Jan.:** Petronella A. Fouché, Port Elizabeth; Alida Eksteen, Franschhoek; Pieter Eksteen, Franschhoek; Susie Botha, Witdyk.

**17 Jan.:** Frederika Havenga, Port Elizabeth; Johan H. Erasmus, Merweville; Fanie Jordaan, Sutherland; Katharina C. Bekker, Kirkwood.

**18 Jan.:** Charlotte Pretorius, Kirkwood; Van Zyl Wolfaard, Paarl; Anna J. C. Pieters, Lindley.

**19 Jan.:** Dawid du Plessis, Sutherland; Dawid Blom, Sutherland; Izak Blom, Sutherland; Willem Oosthuizen, Pietersburg; Tinie Burger, P.K. Brandvlei.


MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE SEEDSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

TOT U DIENS!!

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

ONS BIED U MEUBELS

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

Stinkhout-meubels

'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

MEYER en FERREIRA

Laer Hoofweg 257
OBSERVATORY

PAS VERSKYN

Menslike Physiologie (Deel I.)

deur

H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/- (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

Pro Ecclesia-Drukkery
Die Laan Stellenbosch

£100,000 in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk.
Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. ....................................................

....................................................

(O.B., 12 Jan. 1944) ....................................

Ons sukses is u voordeel

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).
**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### VERLOWING

**MOOLMAN—BEKKER:** Aan familie, vriende en belangstellendes word die verlowing bekend gemaak van Marie Bekker van Krugersdorp, voorheen van Oudtshoorn, en Christoffel Moolman van Pretoria, voorheen van Bronkhorstspruit.

### DOODBERIG

**MEYBURGH.** — Komdt. J. C. Meyburgh, van Colesberg (B1b1). Voordat die oujaar ten einde geloop het, moes ons by die sterfbed en graf van ons eggenoot, vader en Kommandant staan. Woensdagoggend, 29 Des. '43, het u werk gestaak, maar ons sal u spore druk vir God, Volk en Vaderland. C. E. Meyburgh, Bertie, Jannie, Johannes en Rina.

### IN MEMORIAM

**FINLAY.** — In liefdevolle herinnering aan Frank Finlay, wat weggeneem is van ons op 11 Jan 1943. Sy verlangende eggenote en dogter.

**SMUTS.** — In liefdevolle herinnering aan my dierbare eggenote en ons moedertjie Mimi (geb. Kotze) verhuis op 8 Januarie 1939.

As die nag sy donker sluier
saggies om die aarde vou
Is daar stille weemoed moeder,
In die hart wat smag na jou.

Diep betreur deur haar eggenoot en kindertjies, Tinnie, Annette en Marius.

### PERSOONLIK

**Mej. Nita Prinsloo,** enigste dogter van H/Komdt. en mev. D. J. Prinsloo van Posbus 23, Cullinan, het so pas haar B.Sc.-graad aan die Voortrekker-Universiteit behaal.

BRANDWAGTE. — As u Johannesburg besoek of daar woon, ondersteun Excelsior Haarsnyers, Volkskasgebou, Markstraat 76. Eienaar: **Willie Engelbrecht.** Nie verbonde aan 'n „Trade Union." Flink boere-werkers.

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

### BENODIG

DAME bo 18 jaar vir Vars-produkte besigheid; absoluut eerlik en nie bang vir werk nie. O.B.-lid met getuigskrifte van Kommandant/e. Salaris volgens loonwet. Moet so gou moontlik begin. Ondervinding nie noodsaaklik nie. Rig applikasies aan:— **W. F. Spies, Protea Kafee, Hoogstraat 4, Worcester.**

**PLAASVOORMAN.** — Moet kennis hê van saaiery, plaasmasjinerie en melkery. Moet getuigskrifte met applikasie insluit indien persoonlike onderhoud nie gereël kan word nie. Salaris £9 per maand en alles vry. Aansoekers moet getroud wees. **M. M. du Toit, Die Panne, Moorreesburg.**

**DAME** as huishoudster en assistente met pluimveeboerdery. Vrye inwoning, aangename omgewing. Beginsalaris £5 per maand. Doen aansoek met getuigskrifte en portret aan **„J", Posbus 8576, Johannesburg.**

### TE KOOP

**SPEELSKEIE** van goeie hout. Bottelskeie teen 3/9; vierkantige-koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/S. Serpentine, Dist. George.**

**TOP-RANKE** 3 maande, wit, 6/6 per duisend; 3 maande, Borrie, 7/6 per duisend. Mooi sterk ranke wat groei. Bestel van:— **J. H. Gerber, P/S. Serpentine, George.**

**Hansmoeskraal-Saadaartappel-Kwekersvereniging** bied aan:— „Arran Chief"-moere met A-sertifikaat, 25/- per sak V.O.S. George; Kontant met bestelling. Doen aansoek: **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Bus 47, George.**

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

**KOLJANDER** — vars en sterk-gegeurd 3 pond netto gewig; gelewer aan u naaste posadres teen 3/6. Spesiale prysopgawe vir 100 sakke. **Wortelsaad van uitgesoekte wortels 10/- per pond. P. W. Kloppers, Paul Krugerstr., Robertson.**

# *Die Handelaar se Plek en Plig in die Gemeenskap*

## D.L. 1/44.

(Vervolg.)

**Die nasionale gesagstaat, het ons gesien, sal die volkshandel beskerm en veral 'n meer doeltreffende en goedkoper distribusiestelsel opbou. 'n Fundamentele taak sal egter ook wees om die euwels van 'n vreemde, on-nasionale besigheidsmoraal wat deur on-Christelike elemente die land ingedra word, uit te roei.**

### HANDELSLISENSIËRING

Hierdie euwels kan maklik bestry word **deur handelslisensiëring onder staatsbeheer te plaas** en nie aan die willekeur van anti-nasionale munisipale owerhede oor te laat nie. Die tyd is verby dat elke vlugteling uit Europese en Asiatiese agterbuurtes vry is om hier 'n winkel te open sonder om enigsins ons nasionale belange in ag te neem. 'n Handelaar wat die gemeenskap wil dien moet nie alleen bekend wees met die behoeftes van die volk wat hy wil dien nie, maar hy moet ook sy diens aanpas by die gewoontes van daardie volk. Om dus die beste aan sy doel te kan beantwoord moet hy een van ons volk wees. Dit sal vir hom dan 'n gewetenskwessie word wanneer hy dinge doen wat teen die moraal van die volk indruis. Gepaard met 'n strenge lisensiëring sal dus ook moet gaan 'n ingrypende hervorming van die werklike ondernemingsvorms. **Die volk moet teen „wetlike" bedrog beskerm word.**

**'n Doeltreffende stelsel van handelslisensiëring sal kan voorkom dat vier middelmanne 'n produk moet hanteer terwyl een tussenskakel dit net so goed en teen 'n kleiner koste kan doen.** Om vleis as voorbeeld te neem. Dit is onnodig dat 'n spekulant eers die vee by die boer moet koop, dit op 'n vendusie plaas waar die groothandelaar dit moet koop om die kleinhandelaar te voorsien wat uiteindelik die vleis aan die verbruiker moet besorg. Elke middelman maak 'n goeie wins en maak boonop ook nog staat op pryskommelings vir 'n ekstra wins. Waarom kan die boer nie sy vee teen vaste en bestaanbare pryse regstreeks na sentraal-geleë koelkamers stuur vanwaar dit volgens behoefte aan plaaslike distribusie-dépôts besorg kan word nie?

Lisensiëring moet ook voorkom dat daar te veel van een soort middelman sal wees, want dit bring ook verhoogde bemarkingskoste mee. Neem die geval van brood. Waarom moet Pretoriase bakkers brood in Johannesburg aflewer terwyl Randse bakkers brood in Pretoria lewer, en waarom moet vyf verskillende bakkers elke oggend brood in een stadsgedeelte aflewer? Net so met melk en ander noodsaaklike lewensmiddels. Sulke oorvleueling van dienste kan deur behoorlik gereguleerde bemarking uitgeskakel word. Die verbruiker se maag sal nie daaronder ly nie — maar sy sak sal daar voordeel uit trek.

Om ons handelslewe op 'n gesonde grondslag te plaas is dit ook noodsaaklik dat **die huurkoopstelsel** en **ongewenste kredietgebruike** ingrypend hervorm sal word. Nie alleen moet die publiek teen uitbuiting beskerm word nie, maar ook die handelaar en veral die kleinhandelaar moet teen die publiek sowel as teen die groothandelaar beskerm word.

### AANPASSING BY WÊRELDHANDEL

Die Gesagstaat wil nie afstuur op 'n geslote of selfgenoegsame volkshuishouding nie. 'n Kluisenaarslewe op ekonomiese gebied sal vir Suid-Afrika selfmoord beteken. **Ons buitelandse handelsbeleid moet dus, net soos die nasionale ekonomiese beleid, so ná as moontlik in ooreenstemming met die vereistes van die wêreldhandel gehou word.** 'n Sorgvuldige ondersoek na buitelandse afsetmoontlikhede moet dus onder staatsleiding onderneem word. Ons deelname aan die internasionale handel moet geskied in dié goedere ten opsigte waarvan ons land die grootste relatiewe produksievoordeel besit, egter sonder om die welsyn van die eie gemeenskap te benadeel of om die binnelandse produksiebronne uit te put.

Ten slotte is dit ook vanselfsprekend dat die Gesagstaat van die O.B. van elke handelaar sal verwag dat hy sy sosiale plig teenoor sy werknemers sal besef en nakom. Sy werknemers moet sodanig vergoed word dat hulle weer op hul beurt hul sosiale pligte kan nakom. Die werknemers moet ook die geleentheid kry om met die bestuur van die onderneming saam te werk. Verder moet vir behoorlike werkstoestande voorsiening gemaak word.

### TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé. Saabankgebou, Bloemfontein.**

**WANGANELLA RAMME.** — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. **F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.**

**BESTE** kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.**

Ons voorrade van **Vrugtebome** en **Rose** was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!
Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

Munisipaliteit van Robertson.

## VAKATURE — Blanke Distriksverpleegster

## KENNISGEWING No. 1/1944.

Applikasies, as sulks gemerk, sal ontvang word tot om 12-uur n.m. op Vrydag, 4 Februarie 1944 vir die betrekking van Distriksverpleegster vir hierdie Munisipaliteit.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en moet geregistreer wees beide as Algemene- en Kraamverpleegster.

Die salaris sal wees £200 per jaar plus £48 per jaar motortoelae. 'n Motor word deur die Raad verskaf.

Applikante moet hul ouderdom en ondervinding meld asook die datum waarop diens aanvaar kan word.

Drie afskrifte van getuigskrifte asook 'n Mediese sertifikaat moet voorgelê word.

Die suksesvolle applikant sal verplig wees om by die Raad se Pensioenskema aan te sluit.

Op las,
G. W. VAN ROOYEN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Robertson.
4/1/1944.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

### LEIERSKAP BY DIE AFRIKANERS

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

kanerdom, nl. die stryd teen W. A. van der Stel, was dit b.v. nie die offisiële verteenwoordigers van die koloniste, d.w.s. die burgerrade en heemrade wat leiding gegee het nie, maar die Stellenbosse boer Adam Tas. Ook in die langdurige stryd teen Boesmans en kaffers en in die botsings met die Kompanjie en die Engelse in die jare neëntig van die agtiende eeu, was dit weereens nie die burger- en heemrade nie, maar die Boere-kommandante wat die krisisleiers was. Dit is dan ook hierdie Boere-kommandante van die 18de eeu wat 'n leierskorps vir en 'n tradisie van leierskap by die Afrikanerdom geskep het. Geen wonder dus dat dit weer dergelike leiers, hierdie **manne van die daad** soos Potgieter, Retief en Andries Pretorius was, wat leiding in die Groot Trek gegee het nie.

**Hierdie Trekker-leiers het hulle leierskap nie aan verkiesings nie maar aan eie verdienstelikheid te danke gehad.** Dit was eers toe twee of meer trekke verenig het dat die verkiesingselement te voorskyn gekom het en die moeilikhede begin het. **Ook in die Republiek van Natal het groot moeilikhede ontstaan omdat die demokratiese grondwet vir 'n pratende volksraad voorsiening gemaak het maar nie vir 'n sterk uitvoerende gesag nie. Dat Andries Pretorius ten spyte van al die belemmeringe wat die volksraad hom opgelê het, tog as kommandant-generaal daarin geslaag het om aan die nuwe staat 'n mate van gesag te verleen, moet aan sy persoonlike eienskappe as leier en man van die daad toegeskryf word.**

Na die Britse vernietiging van die Natalse republiek met volksraad en al, was dit Andries Pretorius wat die vaandel van vryheid omhoog gehou het. Dit was hy wat die Britse Resident uit Bloemfontein verjaag het, en hoewel hy na Boomplaas met 'n bloedprys op sy kop oor die Vaalrivier moes vlug, was dit weer hy, sonder om die Transvaalse volksraad in die saak te ken, wat die tekens van die tyd verstaan het en die Britse erkenning van die Transvaalse onafhanklikheid in die Sandrivier-konvensie bewerkstellig het.

**Paul Kruger**

**Die grootste leier wat die Afrikanerdom in die 19de eeu gelewer het, is sonder twyfel Paul Kruger. Ook hierdie reus het as krygsman, as man van die daad en ook as politieke leier bewyse van leierskap gelewer lank voor hy president van Transvaal geword het. Dat hy herhaaldelik tot president herkies is, en dit in die moeilike Transvaalse omstandighede ná die goudontdekking, getuig meer van Kruger se bekwaamhede as van die onfeilbaarheid van verkiesings. Hoe feilbaar verkiesings kan wees word o.a. bewys uit die eerste dae van die Engelse Oorlog toe die hoër Boere-offisiere nog deur die onderoffisiere gekies is.**

Die leierskap van Paul Kruger is die voortsetting van 'n ontwikkeling wat in die Boere-kommandante van die 18de eeu sy begin gehad het. Daar Afrikaner-leierskap nie met die Britse vernietiging van die Republieke geëindig het nie, vorm pres. Kruger ook 'n skakel tussen die 18de eeuse kommandante en die 20ste eeuse premiers van Suid-Afrika. Dat die eerste ministers van Suid-Afrika nog altyd Boeregeneraals was, manne ook van die daad wat in die rook en damp van die vegtende Republieke die weë tot hul premierskappe gebaan het, is geen toevalligheid nie. Dat Afrikaner-leiers as manne van die daad nie altyd krygsmanne was nie, bewys die Vrystaatse presidente onder wie pres. Steyn, hoewel geen krygsman nie, tog die hoogste daadkrag besit het. Dieselfde kan nie van Onze Jan gesê word nie, hoewel sy leierskap in die Engelse Kaapkolonie deur faktore gekompromiteer was wat die Republieke nie geken het nie.

In die loop van sy geskiedenis het die Afrikanerdom dus daarin geslaag om sy eie leiers in oorvloed en op sy eie manier te lewer. Die ontwikkeling van die Britse partypolitieke stelsel hier te lande bring die gevaar mee dat verdienstelike Afrikanerleiers nie tot hul reg mag kom nie. In die Brittanje van die laaste veertig jaar is veral twee uitstaande politieke leiers ge-

(Vervolg in voorgaande kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

lewer, nl. Lloyd George en Winston Churchill. Die eerste is egter in die bloei van sy lewe die oneindige politieke woestyn ingestuur na hy 'n wêreldoorlog vir sy land gewen het; die tweede moes wag tot hy 'n grysaard van byna sewentig jaar was voor hy premier kon word. Dit is te hope dat grootheid en talent in Suid-Afrika se leiers hoër waardeer en voordeliger vir die volk gebruik sal word.